

Donderdag 9 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 13

Fokusgedeelte: 1 Samuel 13:11-14

Bely God se grootheid

God is groot. Hy waak oor sy grootheid. Dit moet ons onthou in die belydenis en belewenis van ons geloof. As ons, soos Saul sê, sy aangesig om genade smeek, as ons sy guns soek, moet ons bely: Hy is groot.

Saul het nie kans gesien om sonder die guns en die medewerking van die HERE te gaan veg nie. Hy wou dat sy manskappe moed hou. Daarom het hy hom sterk gehou en die offers aan die HERE gebring. Dan moet hy hoor: “Wat het jy gedoen? ... Jy het dwaas gehandel ...”

Dit het hy gedoen! Hy het nie na die profetiese Woord geluister nie. Hy het nie lank genoeg gewag nie. Hy wou die sterke wees. Hy het nie daarmee rekening gehou dat die HERE groot is nie. Een Skrifverklaarder noteer hierby: “Daar is nie ’n klein sonde nie, want daar is nie ’n klein God om teen te sondig nie.”

Dit is waarom dit gaan. Saul wou groot wees. Die HERE moes hom ondersteun. Hy moes met Saul se besluite saamstem. Dit mag nie. Ons vra nie Hy moet saam met ons kom nie. Ons vra Hy moet ons saam met Hom neem. Dit is anders. Dit is om sy grootheid te bely.

Ons moet Christus navolg. Hy het Homself nie gedien nie, maar gebid: “Laat u wil geskied.” Hy het sy Vader groot gemaak. So moet ons in Hom deur sy Gees leef en bid: Maak my minder sodat U meer kan word. Laat my U, wat groot is, hoor!

Sing: Psalm 48-1:4, 5

Ds. PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Petrus) (Marble Hall)